


Vir ons Afrikaanse Lesers



# VERSTAAN JY HONDE TAAL?

**deur** *Monique de Jager*

Honde het 'n unieke vermoë om met lyftaal te kommunikeer wanneer hulle ongemaklik is, graag wil speel of eerder belangstel om 'n gunsteling been of speelding te beskerm. Die liggaamstaal word gewoonlik aan honde aangeleer deur hul ma as jong hondjies, ander werpselhondjies, en vroeë kontak met ander honde.

***Monique de Jager**, eienaar van Jurassic Bark Honde Skool in Pretoria, vertel hoe ons, ons hondekinders beter kan verstaan.*

Soms is dit makliker gesê as gedoen, en die tipe ras kan ook die hond se vermoë om suksesvol met liggaamstaal te kommunikeer beïnvloed. Rottweilers, geteel vir hul liefde vir die gesin en waaksaamheid teen vreemdelinge, kan soms ander honde ongemaklik laat voel met hul direkte benadering. Stel jou voor 'n vreemdeling wat met groot selfvertroue na jou toe stap en jou 'n onverwagse, stewige druk gee – meeste mense gaan nie heeltemal in hul noppies wees met daardie tipe gedrag nie.

Bracycephalic honde met plat snuite en 'n oorvloed velle in hul gesigte het 'n natuurlike kommunikasie agterstand. Hierdie honde struikel dikwels om met mense of ander honde te kommunikeer omdat spanning moeilik sigbaar is. Dit herinner my aan iemand met 'n burka, dit is inderdaad moeilik om hul gesig se uitdrukkings te lees.



# ITERRESANTE FEIT

Swart honde, en veral swart honde met langer hare se lyftaal is moeiliker leesbaar omdat subtiele tekens verdoesel word met die donker pels en langer hare.



## HOE SIEN JY WANNEER 'N HOND ONGEMAKLIK IS?

Daar is sekere tekens wat ons maklik kan opmerk. 'n Tong wat vinnig oor die lippe beweeg sonder 'n aanleiding, 'whale eye' wanneer die wit van die oog sienbaar is, of 'n hond wat voortdurend kies om weg te kyk van die betrokke stimulus - dit alles dui dikwels op ongemak. Sterte wat waai is nie altyd 'n aanduiding dat die hond tevrede en gelukkig is nie. Mens moet kyk, hoe die hond se stert waai, wat is die hele gepaardgaande konteks van daardie waaiende stert. Is dit 'n los tipe waai, of is die stert styf en kiertsregop terwyl dit waai. Die spoed van die stert wat waai kan ook 'n beduidende teken wees van die gemoedstoestand. As 'n hond se stert baie vinnig en styf waai is dit 'n teken van ongemak, of selfs 'n aanduiding dat die hond eerder antagonisties voel. Wanneer die hond se hele agterlyf saam beweeg as die stert swaai is dit "los" en dui dit op 'n gelukkige, tevrede gemoedstoestand.

**Wanneer ons na lyftaal kyk, moet ons eerder na die hele hond se lyf kyk van kroontjie tot toontjie en nie nét op die stert fokus nie.**

**Ore**: Vooruit en styf gespits dui op fokus, of dit nou positief of negatief is.

**Gesig:** Mens kan baie keer spanning op ‘n hond se gesig sien wanneer die vel styf span tussen die ore of om die mond.

**Oë:** "Whale eye" of die onderbreek van oogkontak dui op ongemak. 'n Hond wat staar kan dui na opwinding, soos wanneer hy wag vir 'n bal wat gegooi gaan word, of 'n vreemdeling gewaar en oor veg of vlug besluit.

**Bek:** Ontblootte tande, en of 'n teruggetrokke snuit waarsku vir bytgevaar. 'n Ontspanne, oop mond met 'n los tong dui op gemaklike asemhaling.

**Feit:** 'n Uithangende tong met 'n bakkie onderaan dui dikwels op gevaarlike oorverhitting.

**Voorpote:** 'n Opgeligte voorpoot dui dikwels op onsekerheid.

**Blaf:** 'n Hoë toon dui op opwinding, 'n laer toon op waarskuwings.

**Grom:** 'n Waarskuwing wat gewoonlik kan volg deur ‘n byt. Dis belangrik om nooit grommende honde te straf nie, in vervolg kan die hond leer grom bring straf, en daardie honde sal moontlik in die toekoms dan eerder net byt in plaas van waarsku (grom) en dan byt.

**Kwyl:** Angstige honde kwyl dikwels oormatig. Dit kan ook 'n teken wees van vergiftiging of hondsdolheid.

**Postuur:** 'n Hol rug en 'n ingekrulde stert onder die lyf dui op vrees. 'n Regop houding en 'n breë bors dui soms op voorbereiding vir 'n geveg. Hare wat regop staan kan dui op oor-opwinding. Met ander woorde, hare wat regop staan dui nie net noodwendig altyd op antagonisme nie. Honde wat redelik rof speel se hare op hul rug kan ook orent staan tydens die spelery.

**Spoed van aksies**: 'n Baie angsige hond beweeg dikwels vinnig en kyk na verskillende rigtings. ‘n Bang of kwaai hond sal dieselfde spoed handhaaf. Wanneer die hond meer gerus en gemaklik is, is bewegings stadiger en meer vloeibaar.

**Stert:** Soos reeds bespreek is ‘n stert ‘n baie beduidende liggaamsdeel om honde se lyftaal aan te dui, daarom is dit ook nooit ‘n goeie idee om honde se sterte sonder mediese redes af te sit nie. Dit belemmer die hond se natuurlike vermoë om suksesvol met ander te kommunikeer.

## NUTTIGE WENK

Neem jou hond se lyftaal met ‘n kamera af en kyk dan daarna op ‘n stadige spoed (hou die konteks van die situasie in gedagte). Jy sal verbaas wees hoe fyn mens soms moet kyk om hul unieke lyftaal raak te sien en hoe opvallend ander dele daarvan wel kan wees.

**Hierdie lyftaal wenke kan jou help om 'n hond se gemoedstoestand beter te verstaan. As jy in die vervolg, ‘n stert sien wat waai, kyk dalk wat sien jy nog raak en hou die hele prentjie in gedagte wanneer jy gevolgtrekkings maak.**

JURASSIC BARK